# JEUGLES: Funaand - Sout vir die aarde

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. INLEIDING:

Ons gaan hierdie kwartaal bietjie kyk wat Jesus bedoel het in Matt 5:13 toe Hy gesê het dat ons sout vir die aarde moet wees. Vanaand gaan ons eers kyk hoekom sout so belangrik in Jesus se tyd was dat Hy dit eintlik in die Bybel noem en ONS dan ook daarmee vergelyk.

## 3. ALGEMENE KENNIS:

- Kom ons kyk gou eers hoeveel JULLE van sout weet.
- ***Leiers met ASB NIE gaan oplees oor sout nie, laat jy en die kinders saam in verwondering staan asb!!***
- Wanneer almal klaar is begin die eerste groepe hulle feite te lees en die res heg aan soos hulle iets nuuts het om by te voeg
- Kom ek gee vir julle nog 'n paar feite wat julle nie geweet het nie. (PPT)

- **<u>Bespreek in julle groepies</u>**: wat die gevolgtrekking wat julle oor sout in veral die Bybelse tyd maak?

## 4. TASTE-TEST: Saal

- As sout so belangrik is dat Jesus ons eintlik daarmee vergelyk, dan beteken dit seker dat ons sout dan ook moet 'herken' wanneer ons daarmee in aanraking kom.
- Kan jy SIEN of daar sout in kos is of nie? NEE, jy moet dit PROE – want dit gee SMAAK.
- So, vir ons om dan meer oor sout te leer moet ons kyk hoe goed julle dit kan herken in kos.
- Elke kind kry 'n blinddoek en hulle eie plastiek lepel
- Voor julle is 'n klomp bakkies met goed in om te eet
- Kinders probeer raai WAT hulle eet, en of daar sout in is of nie.

**<u>PROCESS: Taste-test</u>**

- Watter kosse het die sterkste geur gehad? Hoekom?
- Watter kosse proe beter, wat eintlik lewendig word wanneer jy sout byvoeg?

## 5. SOUT-EKSPERIMENTE:

Kan die leiers asseblief elkeen Woensdagaand die volgende vir my saambring:

- ➢ 3 glase; ys; bottel stil water; garing
- ➢ 1 kleinbordjie of poedingbakkie
- ➢ 2 rou eiers
- ➢ 1 swartsak
- ➢ Lappie om jou tafel mee skoon te maak

- Kom ons 'recap' gou wat ons vanaand alles van sout geleer het.
- Nou sit baie van julle dalk hier en dink B-O-R-I-N-G!!! Dis net SOUT waarvan ons praat!
- Elke groep gaan gou 3 eksperiment met sout doen – miskien het van julle dit dalk al gedoen, en party het nie, maar ons wil regtig vanaand probeer verduidelik hoe AMAZING sout REGTIG is, sodat jy sal VERSTAAN wat Jesus met sout vir die aarde bedoel het!

## INSTRUKSIES:

- Voordat EPIC begin kom sit elke leier die goed wat hulle saamgebring het in ‘n skinkbord in die kombuis.
- Tap solank die water in jou 3 glase in en los alles op die skinkbord totdat ons sê dat julle dit kan gaan haal.
- Moet asb ***NIKS*** doen voordat die instruksies nie daarvoor gegee word nie.
- Ek sal vir julle sê gooi die sout in die glas, sit dit eiers in die water ens.
- Ons gaan die eksperimente ***SAAM*** doen volgens instruksies. Moet asb ***NIE*** op julle eie begin nie, maar ***WAG*** vir my!!
- Maak asb seker dat jou tafel skoon en droog is ***VOORDAT*** jy huistoe gaan!!

**EKSPERIMENT 1**: Eier sink in gewone water, maar dryf in soutwater

- 2 glasies met water in vir hierdie eksperiment
- Die leier gooi +/- 8 t sout in die een glas en roer goed
- Die ander glas kry geen sout nie
- Sit nou een eier in elke glas en kyk wat gebeur met elkeen
- ***Groepe trek dit gou geestelik deur***

**EKSPERIMENT 2**: Sout laat ys smelt

***Laat ys smelt 1***:

- Elke groep kry bietjie crushed ice, sit dit in jou kleinbordjie of poedingbakkie
- Gooi nou bietjie sout oor dit en wag nie paar sekondes
- Wat gebeur?

***Laat ys smelt 2***:

- Neem die glas vol water sonder sout waarin die eier nie gedryf het nie, haal die eier uit en gooi 3 ysblokkies in.
- Gebruik dan 3 stukke gare en sout.
- Groepe moet nou die ysblokkies uit die glas ‘vis’ met behulp van die sout en gare.

(***Hoe om dit reg te kry*** – Sprinkel sout liggies en eweredig op die ys terwyl die gare rus op ysblokkie. Die sout laat die ys smelt, maar omdat net klein bietjie sout gebruik word, vries die water rondom die ys weer vinnig. Die gare word dan vasgevang in die ys en jy kan die ysblokkie met gemak ‘uitvis’.

- ***Groepe trek dit gou geestelik deur***

**EKSPERIMENT 3:** Sout laat tonic water bruis soos eno’s

- Elke groep gooi ‘n glas half vol tonic water.
- Gooi bietjie sout by (die sout ‘kook’ die helfte van die tonic water uit en bruis geweldig)
- Wat gebeur?
- ***Groepe trek dit gou geestelik deur***

**EKSPERIMENT 4**: Sout laat water vries

- Pak 'n klomp ys in 'n bak en gooi growwe sout oor dit, meng die sout deur die ys.
- Druk 'n bottel stil water tussen die ys in, en bedek redelik met ys.

- Strooi nou weer van die growwe sout oor die ys rondom die bottel los vir so 5 minute.
- Haal dit bottel uit en laat staan weer vir 5 minute en kyk wat gebeur.
- ***<u>Groepe trek dit gou geestelik deur</u>***

- Ons gaan volgende week verder oor ons as gelowige se opdrag om Sout vir die aarde te wees gesels.

## 6. SAMEVATTING:

- Wanneer Jesus ons met sout vergelyk bedoel Hy dat ons die wêreld beter moet maak soos sout dit doen, deur die manier wat ons leef en die voorbeeld wat ons stel.

## 7. SLUIT AF MET GEBED EN GEE SELFONE TERUG